

**15 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 105**

**Die Here bly getrou**

Daar het die afgelope paar jaar in ons land geweldig baie veranderinge plaasgevind. Baie mense se lewens is ingrypend hierdeur geraak. Dit het by baie mense onsekerheid en selfs 'n gevoel van ontreddeing gebring.

Psalm 105 sê die Here hou altyd sy verbond in stand. Ook al is daar teenstand en al lyk die omstandighede heeltemal anders.

Hierdie Psalm roep ons op om die Here te loof vir sy magtige daade. Israel se geskiedenis word beskryf vanaf die roeping van Abraham tot by die intog in die beloofde land. Die klem val op die magtige daade van die Here en dat dit Hy is wat alles tot stand gebring het. Hý is ook die Een wat deur alles heen getrou bly aan sy verbond met Abraham.

Die Nuwe Testament bou voort op hierdie verbondsverhouding en gee 'n nuwe inhoud aan God se belofte aan Abraham (Luk 1:72,73). Deur Jesus Christus is gelowiges die nakomelinge van Abraham (Gal 3:16-29) en die ontvangers van 'n nuwe verbond (1 Kor 11:25).

Daarom kan ons vandag ook nog hierdie Psalm met oorgawe sing. Ons kan die Here loof vir sy verlossingsdaade en daarop peil trek dat Hy getrou bly – ook aan ons kinders: "Verbond met Abraham, sy vrind, bevestig Hy van kind tot kind."

*Sing: Psalm 105:1,2,5*

*Dr F van der Walt (Bellville-Oos)*